

Sondag, 23 Augustus 2020

Fokusteks: Psalm 124

Daar word gesê dat die twee gebede wat die meeste deur Christene gebid word, die volgende is: *Help, Here, help!* en *Dankie, Here, dankie!*

Hierdie Psalm is 'n gebed, eintlik 'n lied van dank, nadat die Here Israel uit 'n benarde situasie verlos het. 'n Situasie waar daar geen plan B meer was nie. Sonder die hulp van die Here sou hulle totaal vernietig gewees het. Daar word nie gesê wat die presiese omstandighede was wat tot die nood aanleiding gegee het nie. Al wat ons weet, is dat Israel geen uitkoms gehad het nie. Hulle was geheel en al deur die vyand oorweldig en vasgekeer. Die Here het egter hul desperate uitroep om hulp gehoor en hulle bevry van 'n gewisse dood.

Israel se nood word op 'n dramatiese wyse met metafore uit die natuur en dierelewe beskryf. Die danklied verwys na vier gevare waarvan hulle gered is, naamlik 'n wilde dier wat hulle lewendig wou verslind (vers 3), 'n vloed (verse 4-5), 'n roofdier (vers 6) en 'n voëlwip (vers 6). Die verwysing na 'n vloed in vers 4-5 (die *waters*, die *vloed* en die *skuimende waters*) dui op die geweld en intensiteit van die vyandelike aanslag op Israel. Vloedwaters was 'n bekende gevaar vir Israel. Wanneer dit in die reënseisoen in die berge swaar sou reën, het die water onstuitbaar van die steiltes afgestroom om niksvermoedende reisigers mee te voer. In die Ou Testament word die vyande van Israel dikwels met die krag van vloedwaters uitgebeeld. Ons is goed bekend met hierdie beeld. Van tyd tot tyd hoor en sien ons beeldmateriaal waar tsunami's en vloede groot skade aan dorpe en landerye aanrig. Dit is 'n skrikwekkende gesig om te sien en dit kan boonop nie gekeer word nie. Dit vee eenvoudig alles plat wat voorkom. Só lyk die aanstormende vyand wat Israel bedreig - jy kan dit nie ontvlug nie. Dit gaan verseker oor jou spoel.

Dit is net die Here alleen wat aan sy volk kan uitkoms gee in so 'n wanhopige situasie. Dit is presies wat reg aan die begin van die Psalm bely word. Twee keer word die uitspraak - *As die Here ons nie gehelp het nie* - herhaal. Dit is 'n tipiese digterlike manier om te beklemtoon dat die mens se redding nét van God afhang, net Hy alléén. Die skrywer van die boek, Prediker, het dit ook uit eie ondervinding besef. Hy het alles in die lewe ondersoek en baie prestasies bereik, maar ontdek dat alles maar net tot niks kom. Jou eie planne, wysheid en doelwitte beteken niks as jy tot sterwe kom. In Prediker 12:13 skryf hy: *Die slotsom van alles wat jy gehoor het is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. Jy kan maar sê: Net die Here staan tussen ons en ons ondergang. As dit nie vir Hom is nie, lei ons lewe tot sinloosheid en ondergang. Maar omdat Hy daar vir ons is en ons help, word ons bevry van hierdie ondergang.*

In die tweede helfte van die lied word twee beelde gebruik wat aandui hoe God die volk gered het. Eerstens het Hy het *nie toegelaat* dat hulle 'n *prooi* word nie en tweedens het Hy hulle *bevry soos 'n voël uit die wip van 'n voëlvanger*. Die voëlwip waarvan hier sprake is, het bestaan uit twee houtrame wat aanmekaar geheg en met 'n net oorgetrek was. Die twee rame kon soos 'n boek oop- en toevou. Die een is plat op die grond geplaas en die ander met 'n mikkie gelig sodat 'n voël onder die boonste flap kon inloop agter die kos aan. Sodra die voël diep genoeg onder die boonste raam was, is die mikstok met 'n pluk aan 'n lyn uitgeruk sodat wanneer die boonste raam val, die voël tussen die net van die twee rame ingehok was. Só was Israel deur hul vyande ingehok. God het hulle egter uit die wip gered.

Daar is 'n interessante kontras tussen die "mense" (die vyandige aanvallers) waarvan daar in vers 2 gepraat word en "die Here wat hemel en aarde gemaak het" in vers 8. Die Hebreeuse woord vir "mense" in v.2 verwys doodgewoon na brose maaksels uit die stof, soos wat die Here met die skepping mense uit stof gemaak het. In die konteks van hierdie Psalm beteken dit dat die stoflike mens, die skepsel, geen mag oor die Skepper kan hê nie. Die mens is broos en verganklik, uit stof gemaak. Met ander woorde, watter mens ook al teen God sou probeer opstaan, sal misluk in sy poging. Die troos is dat geen vyandelike, menslike

poging of aksie jou van God kan vervreem nie. God sal dit nie toelaat nie. As Hy jou vashou, sal niks en niemand jou uit sy hand ruk nie. Jou enigste hulp in die lewe is die Een wat hemel en aarde gemaak het, en wat jou gevorm het. Daarom word God geloof. Daarom bely hulle dat *hulle hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.*

Hoe help hierdie Psalm my as dit vir my voel asof dinge net eenvoudig te veel word? Kinders van die Here word immers nie gevrywaar van gevaar en probleme en persoonlike worstelinge nie. En hierdie nood kan in baie verskillende vorms na jou kom. Soms is daar fisiese nood en liggaamlike swaarkry. Ander kere is dit dinge wat mens emosioneel ontstel en afbreek. Ons kan ook vasgekeer word deur ons eie swakhede en foute en persoonlike teleurstellings. Die boodskap van die Psalm is dat daar wel hulp beskikbaar is. God is my hulp, en daarom kan ek altyd hoop hê, selfs al lyk dinge hoe moeilik. Jy mag vra, wat is die kans? By God is daar altyd nuwe moontlikhede.

Soos die vaal outjie wat hierdie absoluut pragtige meisie vra of hy enige kans het om haar uit te neem: "Is daar 'n een uit 'n honderd kans dat jy met my sal uitgaan?" Sy antwoord hom: "Een uit 'n honderd! Eerder een uit 'n miljoen!" Hy antwoord haar met 'n breë glimlag: "Een uit 'n miljoen? So daar is 'n kans!"

Is daar 'n kans dat God my sal help? Ps.124 sê: O ja, selfs al lyk dit asof dit te laat is. God is daar. Die moeilikheid is ook daar. Maar dis net God wat jou kan help wanneer jy in die moeilikheid is. Die Here nooi jou uit om Hom met jou nood te vertrou. So staan dit in Ps.50:15 - *Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.*"

Hoe eer ons God vir die hulp en redding wat Hy my gee? Deur Ps.124:8 'n geloofsbelydenis vir elke dag te maak. *Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.* Ons roep nie net tot God vir hulp nie. Ons loof Hom nie net dat Hy ons gehelp het nie. Ons vertel dit ook vir ander, ons bly nie stil daaroor nie. Selfs in die donkerste tye van ons lewe kan ons 'n besondere getuienis lewer deur te verklaar dat ons alleen maar kan hoop op die hulp van God. Ek het al by meer as een geleentheid by 'n sterfbed gesit waar die siek persoon met groot vrede verklaar dat die Here saam met hom of haar die pad sal stap tot aan die einde. Dan sê ek vir myself: Ek het gekom om hierdie persoon te bemoedig, maar nou is ék die een wat bemoedig is met 'n wonderlike getuienis van vertroue en vrede midde-in 'n sterwenssituasie.

Jy kan gerus 'n klippie in jou hande neem en dit styf vashou sodat dit nie kan uitval nie. Nou kan jy maar jou hande rondskud en swaai en voel hoe die klippie binne-in rondrol, sonder dat dit uitval. Dink daaraan dat die lewe jou soms ook erg kan rondskud soos daardie klippie. Jy mag dalk baie seerkry in die proses, maar in God se hand bly jy veilig. Hy sal jou vashou terwyl jy rondgegooi en geskud word.

Ps.124 is 'n pragtige lied wat ons wil leer om die Here te loof en dank te midde van moeilike omstandighede. In die Nuwe Testament word 'n soortgelyke loflied deur Paulus geskryf. Daarin word God se hulp besing in die redding wat Hy deur Jesus Christus gebring het. Jesus se teenwoordigheid in ons lewens is die grootste troos wat ons kan ontvang wanneer ons deur donker dieptes gaan. So lees ons in Romeine 8:31,32 & 38,39

³¹*Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vir ons, wie kan dan teen ons wees?*

³²*Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?*

³⁸*Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte ³⁹of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*"

Ps.124 sluit af met 'n geloofsbelydenis in die God wat hemel en aarde gemaak het. Kom ons bely nou ook opnuut ons geloof saam met mekaar in die Here:

APOSTOLIESE GELOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
Ek glo in die Heilige Gees.
Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
die vergewing van sondes;
die opstanding van die vlees
en 'n ewige lewe.
Amen